

**27 Januarie**

**Skrifgedeelte: Hebreërs 6:9-20**

**Fokusgedeelte: Hebreërs 6:19**

### **God se vaste belofte gee hoop**

Mense is soms bang dat al hulle dienswerk as gelowiges verniet sou wees. Dit gebeur veral wanneer hulle vir 'n tyd afvallig geword het en dan weer terugkeer na God. Watter hoop het ons dat ons wel die volle belofte van God sal ontvang? In Jesus Christus belof Hy dat ons 'n ewige Hoëpriester het wat eenmaal klaar vir al ons sondes 'n vredesoffer gebring het. Daarom is ons sy kinders wat later deel sal hê aan sy hemelse vaderwoning en ook die nuwe aarde sal beërwe.

Waar in lê ons sekerheid dat ons nou daaraan deel het en vir ewig sal hê? Die wonderlike troos is dat God self die waarborg is. Hy het die belofte met 'n eed bevestig. So het Abraham, al was hy al baie oud, die belofte van 'n groot nageslag ontvang. God was getrou. Isak is gebore en later ook Jakob. Uit hulle het die hele Israel voortgekom. In die geloofsvoorbeeld van Abraham is sy geduld vir ons 'n aansporing. Soms wil ons moed opgee omdat dit voel of God se beloftes nie gou genoeg in vervulling gaan nie.

Vestig jou hoop op Jesus Christus. Hy is die vervulling van God se belofte en Hy is die Borg dat ook die ander sal waar word. As ewige Hoëpriester het Hy ons hoop agter die voorhangsel gaan anker. Gaan met ywer voort met liefdesdiens teenoor God en jou naaste. Moenie traag word om Christelik op te tree nie. Dit is nie tevergeefs nie, want God is getrou aan sy belofte.

*Sing: Psalm 105:5*

*Dr WC Opperman (Windhoek-Suid)*